

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer: 728/05

In die saak tussen:-

VRYSTAAT KOÖPERASIE BEPERK

Eiser

en

WESSEL GEORGE PRINCE WESSELS

Verweerder

CORAM:

VAN ZYL, R

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL, R

GELEWER OP:

18 FEBRUARIE 2010

- [1] Hierdie is die beregting van 'n spesiale pleit van verjaring wat deur verweerder geopper is.

DIE PLEITSTUKKE:

- [2] Eiser het verweerder gedagvaar by wyse van 'n enkelvoudige dagvaarding, in terme van welke dagvaarding, die volgende regshulp vanaf verweerder gevorder is:

“Betaling van die bedrag van R206 489.11 (TWEEHONDERD EN SESDUISEND VIERHONDERD NEGE EN TAGTIG RAND ELF SENT) ten opsigte van produksiemiddele deur eiser aan verweerder verkoop en gelewer op die verweerder se spesiale aandrang en versoek asook kredietlebensversekeringspremies deur eiser namens en ten behoeve van die verweerder betaal, op die verweerder se spesiale aandrang en versoek, gedurende of omtrent die tydperk 2002 tot 2005, welke bedrag tans betaalbaar en opeisbaar is en welke bedrag die verweerder, aanmaning ten spyt, weier en/of versuim om aan eiser se betaal.”

Tesame met voormelde, is daar ook rente op voormelde bedrag en koste van die geding gevorder.

- [2] Die enkelvoudige dagvaarding is op **4 Maart 2005** persoonlik op verweerder beteken. Verweerder het kennis gegee van sy voorneme om die aksie te verdedig, waarna eiser se deklarasie op **10 Mei 2006** geliasseer is (hierinlater na verwys as “*die oorspronklike deklarasie*”). Uit hierdie deklarasie blyk dit dat eiser se vordering voortspruit uit ’n kredietverleningsooreenkoms in terme waarvan

kredietfasiliteite by eiser aan verweerder verleen is en is 'n afskrif van die kredietverleningsooreenkoms aangeheg tot die oorspronklike deklarasie as aanhangsel "A". Die essensiële terme van die kredietooreenkoms is ook in die oorspronklike deklarasie uiteengesit en is daar onder andere in paragraaf 2.1 van die oorspronklike deklarasie beweer dat:

"Dit is 'n term van die voormelde kredietooreenkoms dat die kredietfasiliteit aan die verweerder toegestaan is ten einde hom in staat te stel om aankope van goedere of dienste by of deur bemiddeling van die eiser te maak."

Daar is dan voorts deur eiser in paragraaf 3.1 van die oorspronklike deklarasie beweer dat:

"Na aanleiding van die voormelde kredietooreenkoms het eiser op verweerder se spesiale mondelinge aandrang en versoek gedurende die tydperk 2002 tot 2005 produksiemiddele aan verweerder verkoop en gelewer en kredietleuensversekeringspremies vir en namens verweerder betaal ten bedrae van R206 489.11."

Die oorspronklike deklarasie sluit af met die vordering van dieselfde bedrag as in die enkelvoudige dagvaarding, naamlik **R206 489.11**, tesame met rente *a tempora morae* daarop en koste van die geding.

[3] In verweerder se verweerskrif in antwoord op die oorspronklike deklarasie, welke verweerskrif op **13 Junie 2006** geliasseer is, is die volgende spesiale pleit (hierinlater na verwys as “*die oorspronklike spesiale pleit*”) geopper:

- “1. Die verweerder pleit dat hy aankope by die eiser gedoen het op krediet tot en met **1999**.
2. Die verweerder se kredietfasiliteite is opgeskort deur die eiser nie later as **31 Januarie 1999**.
3. Die eiser se volle skuld het derhalwe opeisbaar en betaalbaar geword nie later as **31 Januarie 1999** nie.
4. Die eiser se dagvaarding is beteken op verweerder op **7 Maart 2005**.
5. Daar het gevolglik in terme van die bepalings van die Verjaringswet 'n periode van meer as drie (3) jaar verloop

vanaf datum waarop die eiser se eis opeisbaar en betaalbaar geword het tot en met datum van betekening van dagvaarding.”

- [4] In antwoord op die oorspronklike spesiale pleit, het eiser ’n replikasie geliasseer waarin as volg op die oorspronklike spesiale pleit gerepliseer is:

“1.1 Eiser erken dat verweerder aankope by eiser op krediet gedoen het gedurende **1999**, en dat eiser se dagvaarding op verweerder beteken is op **7 Maart 2005**.

1.2 Eiser pleit dat:

1.2.1 Verweerder aan eiser op **7 Julie 1998** te Vrede ’n skriftelike skulderkenning gegee het, welke skulderkenning hierby aangeheg word as aanhangsel “VKB1”.

1.2.2 Op **28 April 1999** het verweerder skriftelik aansoek gedoen by eiser vir kredietfasiliteite vir die 1999/2000-seisoen soos blyk uit aanhangsel “VKB2”.

1.2.3 Gemelde aansoek vir kredietfasiliteite in die bedrag van R160 000,00 is deur eiser skriftelik goedgekeur op **23**

Junie 1999 soos blyk uit aanhangsel “VKB3”.

1.2.4 Op **26 Maart 2001** het verweerder die eiser skriftelik versoek om die aksie wat teen hom geloods is te staak ten einde verweerder die geleentheid te gee om implemente te verkoop ten einde verweerder se rekening onder beheer te bring soos blyk uit aanhangsel “VKB4”.

1.2.5 Op **17 Januarie 2002** oorhandig verweerder aan eiser se verteenwoordiger, advokaat Leon Lombard, 2 000 Dollar met die versoek dat dit in eiser se kluis gehou word tot **einde Februarie 2002** met 'n belofte dat die rekening betaal sal word.

1.2.6 Op **15 Julie 2002** betaal verweerder R10 000.00 af op die bedrag verskuldig aan die eiser soos blyk uit die kwitansie hierby aangeheg gemerk aanhangsel “VKB5”.

1.2.7 Op **27 Julie 2003** (*sic*) onderneem die verweerder teenoor eiser om vee te verkoop en R50 000.00 uit die opbrengs af te betaal op die bedrag verskuldig aan die eiser voor of op **7 April 2003**.

1.2.8 Op **15 Mei 2003** onderneem die verweerder teenoor die eiser om die bedrag van R50 000.00 voormeld op die

rekening af te betaal voor of op **31 Mei 2003**.

1.2.9 Op **24 Oktober 2003** skryf verweerder aan eiser en deel eiser mee dat hy gelde by Standard Bank gaan leen om eiser se rekening deur hom verskuldig te delg. Uit verweerder se balansstaat aangeheg by die voormelde skrywe blyk dit dat verweerder erken dat hy op die stadium en datum aan eiser verskuldig was R167 000.00 soos blyk uit aanhangsels “VKB6” en “VKB7” respektiewelik.

1.3 Die eiser ontken derhalwe dat verweerder se skuld verjaar het op of voor **7 Maart 2005** toe eiser se dagvaarding op verweerder beteken is en stel eiser tot die bewys daarvan.”

[5] Op **26 Augustus 2008** is eiser se oorspronklike deklarasie gewysig deur die aflewering van gewysigde bladsye (hierinlater na verwys as “*die gewysigde deklarasie*”). Die relevante wysiging vir doeleindes van die beregting van die spesiale pleit, het die wysiging van paragraaf 3.1 van die oorspronklike deklarasie behels om nou te lees:

“Na aanleiding van die voormelde kredietooreenkoms het eiser

op verweerder se spesiale mondelinge aandrang en versoek kredietleweringsversekeringspremies vir en namens die verweerder betaal en tot en met **November 2000** goedere aan verweerder verkoop en gelewer en dienste aan verweerder verskaf en beloop die bedrag deur verweerder aan eiser verskuldig soos op **31 Januarie 2005** die bedrag van R206 489.11.”

- [6] Die wese van hierdie wysiging is dus daarin geleë dat alwaar daar in die enkelvoudige dagvaarding beweer is dat “*produksiemiddele*” aan verweerder verkoop en gelewer is en ’n soortgelyke bewering ook in die oorspronklike deklarasie gemaak is, dit nou gewysig is om te beweer dat “*goedere*” aan verweerder verkoop en gelewer is en “*dienste*” aan verweerder verskaf is. Die enkelvoudige dagvaarding is nie ook aldus gewysig nie. Die bewering ten opsigte van die tydperk van die verkope is ook gewysig, maar soos later hierin sal blyk is dit nie ’n aspek waarop verweerder steun vir doeleindes van sy spesiale pleit nie.

- [7] Na aanleiding van die gewysigde deklarasie, het verweerder die bewerings ten opsigte van die spesiale pleit van verjaring ook gewysig en is die gewysigde bladsye van

die gewysigde pleit insgelyks op **26 Augustus 2008** geliasseer (hierinlater na verwys as “*die gewysigde spesiale pleit*”). Dit lees nou as volg:

- “1. Die verweerder pleit dat hy aankope by die eiser gedoen het op krediet tot en met **2000**.
2. Die verweerder se kredietfasiliteite is opgeskort deur die eiser nie later as **30 Junie 2000** en verweerder het geen verdere kredietaankope daarna gedoen nie.
3. Die eiser se volle skulde het derhalwe opeisbaar en betaalbaar geword nie later as **31 Julie 2000**.
4. Die eiser se dagvaarding is beteken op verweerder op **4 Maart 2005** en die eiser se wysiging van sy besonderhede van vordering word aangebring op **26 Augustus 2008**. Die eiser se wysiging voer ’n nuwe skuldoorsaak in.
5. Daar het gevolglik in terme van die bepalings van die Verjaringwet ’n periode van meer as drie (3) jaar verloop vanaf datum waarop die eiser se eis, soos gewysig, opeisbaar en betaalbaar geword het tot en met datum van betekening van dagvaarding, alternatiewelik aanbring van

die wysiging.”

- [8] Op die op die eerste dag van die verhoor is ooreengekom dat die saak uitgestel word na die volgende dag, die eiser om die verspilde koste teweeggebring deur die uitstel te betaal.

DIE GETUIENIS:

- [9] By die aanvang van die verhoor die volgende dag, is ek by ooreenkoms tussen die partye versoek dat, soos ook reeds ooreengekom was tydens die Reël 37 samesprekings, die spesiale pleit van verjaring afsonderlik bereg word, welke ek in terme van Hofreël 33(4) inderdaad gelas het. Die partye was dit voorts eens dat die verweerder die beginlas en die bewyslas dra met betrekking tot die beregting van die spesiale pleit en het mnr. Gilliland, namens verweerder, verweerder as getuie geroep ten opsigte hiervan.

- [10] Voordat die verweerder begin het om sy getuienis aan te bied, het mnr. Gilliland aangedui dat die insidente waarop eiser steun in sy replikasie as synde insidente wat die

aanvang van verjaring uitgestel of verjaring gestuit het, soos reeds aangehaal in paragraaf 4 hierbo, deur verweerder erken word, met die gevolg en resultaat dat die partye dit eens is dat verjaring vir doeleindes van die beregting van hierdie geding, 'n aanvang geneem het op **25 Oktober 2003**.

[11] 'n Bewysstukbundel van verweerder is ingehandig as bewysstuk "A", terwyl twee bewysstukbundels van eiser ingehandig is as bewysstuk "B1" en "B2" onderskeidelik. Ek is egter daarop gewys dat die bewysstukbundels ook dokumentasie bevat wat op die meriete van die saak slaan en nie tersaaklik is vir doeleindes van die beregting van die spesiale pleit nie en dat ek slegs na die relevante dokumentasie verwys sal word.

[12] Die verweerder het getuig dat hy op 'n plaas in die distrik van Vrede woonagtig is waar hy met beeste spekuleer. Hy het gedurende **1996** 'n lid geword van die eiser by wyse van sy ondertekening op **11 Julie 1996** van die kredietooreenkoms wat aangeheg is tot die oorspronklike sowel as die gewysigde deklarasie as aanhangsel "A".

Voortspruitend hieruit het hy kredietfasiliteite by eiser verkry, welke die rekening is wat die onderwerp van die onderhawige verrigtinge vorm. Hy het kredietaankope op hierdie rekening gedoen, die laaste waarvan gedurende **Junie 2000** was. Dit het tot gevolg dat in terme van die kredietooreenkoms, sodanige aankope betaalbaar sou wees teen **31 Julie 2000**. Hy het bevestig dat dit die enigste rekening is wat hy by eiser gehad het.

Die eiser is gedurende sy getuienis verwys na 'n rekonsiliasiestaat soos dit voorkom op p. 91 tot 97 van die pleitstukke, welke rekonsiliasiestaat aangeheg is tot die eiser se antwoorde op verweerder se Reël 37(4) vraelys, waarin verweerder, onder andere, gevra het wat die kapitale bedrag was wat na bewering deur verweerder aan eiser verskuldig is. Meer spesifiek is verweerder tydens sy getuienis in hoof na p. 92 verwys waarop die datum **31 Julie 2000** voorkom. Teenoor hierdie datum word verskillende bedrae in verskillende kolomme gereflekteer. Onder die kolom "*Maand*" het die bedrag van **R29.78** voorgekom. Verweerder het verduidelik dat aankope van los, klein goedere onder "*Maand*" voorkom. Onder die

kolom “*Winter*” het die bedrag van **R46 330.89** voorgekom en het verweerder verduidelik dat dit insetkoste of produksiemiddele is wat aangekoop is met die oog op ’n winter oes. Onder die kolom “*Somer*” het die bedrag van **R57 914.37** voorgekom, wat verweerder verduidelik het insgelyks die insetkoste of produksiemiddele is wat aangekoop is met die oog op ’n someroes. Onder die kolom “*Totaal*” het die bedrag van **R104 275.04** voorgekom, terwyl onder die kolom “*Ledefondse*”, die bedrag van **R54 995.10** voorgekom het. Onder die kolom “*Rente*” het ’n nul-bedrag voorgekom. Die verweerder is gevra om ’n verduideliking te verskaf met betrekking tot die ledefondse, welke ek meen nie relevant is vir doeleindes van hierdie beslissing nie. Verweerder is ook verwys na die skrywe van **24 Oktober 2003**, soos dit voorkom op p. 50 van die pleitstukke, welke die skrywe is waarna eiser in sy replikasie verwys het as synde die laaste insident wat die aanvang van verjaring uitgestel het of verjaring gestuit het. Hierin het verweerder aan eiser meegedeel dat hy fondse by **Standard Bank** gaan bekom ten einde sy rekening by eiser se delg. Hy het ook versoek dat sy ledefondse aangewend word ter gedeeltelike delging van sy skuld aan eiser.

Verweerder is gedurende sy hoofgetuienis voorts verwys na die dokumente wat voorkom op p. 38 tot 47 van bewysstuk “A”. Dit is sogenaamde inkomste en uitgawe opgawestatistiek van die eiser wat aantoon wat die verweerder ten opsigte van ’n bepaalde finansiële jaar by die eiser aangekoop het. Mnr. Gilliland het die verweerder na die beskrywing van veelvuldige items verwys wat daarop voorkom en aan die verweerder gevra hoe hy daardie artikels sou klassifiseer of beskryf. Ek is nie voornemens om item vir item met hierdie inskrywings te handel nie. Ek meen dit is voldoende om dit op te som tot dien effekte dat aldus die verweerder se getuienis, sommige van daardie items deur hom as produksiemiddele beskou word, terwyl die ander goedere wat beskryf is, nie produksiemiddele is nie en bloot as goedere geklassifiseer kan word. Voorts is daar ook sekere van die items wat hy as dienste beskryf of geklassifiseer het.

Mnr. Gilliland het daarop die verweerder verwys na p. 48 van bewysstuk “A”, synde ’n rekeningstaat van verweerder se rekening gedateer **31 Mei 2000**. Vanweë die feit dat die

fotostatiese afdruk van hierdie rekeningstaat wat in bewysstuk “A” voorkom, sekere relevante inligting ontbreek wat tydens die fotostatering daarvan vanaf die oorspronklike “*afgesny*” is, is die oorspronklike sodanige rekeningstaat ingehandig as bewysstuk “C”. Volgens die verweerder is dit ’n rekeningstaat wat hy vanaf die eiser ontvang het met betrekking tot sy kredietfasiliteite by die eiser. Dit blyk uit hierdie rekeningstaat dat daar sekere balanse ter aanvang oorgebring is, wat onder vier afdelings verdeel is, synde ’n “*Maandrekening*”, ’n “*Diereproduksierekening*”, ’n “*Someroesrekening*” en ’n “*Winteroesrekening*”. Die verweerder het getuig dat dit wat op die maandrekening voorkom, is goedere wat gedurende die maand aangekoop is wat nie onder die ander drie afdelings ressorteer nie. Wat betref die ander drie afdelings, slaan dit op produksiemiddele wat ten opsigte daarvan aangekoop is. Na voormelde balanse verskyn daar ’n item per item beskrywing van artikels wat deur verweerder aangekoop is gedurende die maand **Mei 2000**. Weereens sonder dat ek in detail met elke item te handel, het verweerder verduidelik dat sekere van daardie aankope wel as produksiemiddele geklassifiseer kan word, maar die andere goedere, wat ek

vir doeleindes hiervan sou beskryf as kruideniersware, volgens hom nie produksiemiddele is nie en slegs as “goedere” beskou moet word. Die verweerder het getuig dat hy soortgelyke rekeningstate ontvang het vir elke maand gedurende die tydperk wat hy aankope by die eiser gedoen het.

In aansluiting by laasgenoemde getuienis, het mnr. Gilliland die verweerder weereens verwys na die rekonsiliasie van verweerder se rekening soos dit voorkom as aanhangsel tot eiser se antwoorde op verweerder se Reël 37(4) vrae en meer spesifiek het hy verwys na p. 91 van die pleitstukke. Hierop verskyn faktuurnommers wat verwys na aankope wat verweerder gedurende **Mei 2000** gedoen het, wat gevolglik dieselfde transaksies is as waarna op die rekeningstaat, bewysstuk “C”, verwys is. Weereens is daardie aankope onder die verskillende kolomme van “Maand”, “Winter”, “Somer” en “Diere” geklassifiseer. Die verweerder is terselfdertyd verwys na die aanmaningskrywe van eiser se prokureur van rekord gedateer **12 Maart 2001**, gerig aan verweerder, soos dit voorkom in bewysstuk “B2”, p. 281. Verweerder het bevestig dat hy daardie aanmaning

ontvang het, die relevante gedeelte waarvan as volg lees:

“Ons het opdrag om van u te eis, soos ons hiermee doen, betaling van die bedrag van R114 603.44 ... tesame met rente daarop bereken teen 19,75% per jaar vanaf 1 Maart 2001 tot datum van betaling, welke rente bereken word ... ten opsigte van goedere verkoop en gelewer en/of dienste gelewer in verband daarmee asook kredietlebensversekeringspremies deur ons kliënt namens en ten behoeve van u betaal.”

Volgens sy getuienis kan “*goedere*” slegs slaan op dit wat onder die “*Maand*” opskrif op die rekonsiliasie en die rekeningstate voorkom, terwyl produksiemiddele dit is wat onder die “*Winter*” of “*Somer*” of “*Diere*” kolomme voorkom. Die verweerder het sy siening van produksiemiddele verduidelik. Hy het eerstens daarop gewys dat indien ’n persoon geregistreer is vir BTW, BTW nie op insetkoste betaal word nie. Hy het voorts as volg getuig met betrekking tot sy siening van produksiemiddele:

“Produksiemiddele sien ek, ek is nou nie ’n ekspert nie, maar ek sal sê dit is saad, kunsmis, brandstof, onkruidodders, goedere wat jy nodig het, produksiemiddele wat jy nodig het om ’n oes te

genereer sal ek sê. ... As jy 'n veeboer is ... is produksiemiddele ... jy moet jou diere onderhou so jy moet vir hulle lekkies gee. Jy moet jou diere doseer jy moet dit aanwend om by die, om 'n produk te genereer of dit nou vleis is of kalwers is of jy moet jou beeste gesond hou om 'n bul te kan vat.”

Hy het voorts verduidelik dat produksiemiddele van belasting afgetrek kan word, terwyl die ander goedere wat hy by eiser aangekoop het, synde die goedere wat ek vroeër hierin as sogenaamde kruideniersware beskryf het, nie van belasting afgetrek kan word nie.

- [13] Gedurende kruisverhoor het mnr. De Wet die verweerder weereens verwys na die rekonsiliasie wat aangeheg is tot eiser se antwoord op verweerder se Reël 37(4) vrae, in besonder soos dit voorkom op p. 96 van die pleitstukke, waar dit aangetoon is dat op **31 Januarie 2005** die totaal van verweerder se verskuldigheid aan eiser die bedrag van **R206 489.11** beloop het. Verweerder het bevestig dat dit dieselfde bedrag is as waarvoor hy gedagvaar is, soos blyk uit die enkelvoudige dagvaarding op p. 4 van die pleitstukke, alwaar dit, soos reeds uitgewys, beweer is dat

dit ten opsigte van produksiemiddele en kredietlebensversekeringspremies is.

Verweerder is voorts deur mnr. De Wet verwys na die aanmaningskrywe, waarna reeds in sy getuienis in hoof verwys is, gedateer **12 Maart 2001**, en waarin die bedrag van **R114 603.44**, tesame met rente daarop vanaf **1 Maart 2001**, gevorder is. Hierdie bedrag het die verweerder dan voorts bevestig is in ooreenstemming met die rekonsiliasie soos dit voorkom op p. 92 van die pleitstukke, waar dit aangetoon is dat die totale verskuldigheid op **28 Februarie 2001** die bedrag van **R114 603.44** beloop het.

Daarop is die volgende vrae en antwoorde tussen mnr. De Wet en die verweerder verwissel:

“Nou sal u met my saamstem dat dit voorkom dat ons deurgaans met hierdie selfde verskuldigde bedrag van u te make het, toe die aanmaning gestuur is op 12 Maart 2001 vir R114 603.44, was dit die saldo wat u geskuld het volgens VKB en toe u later gedagvaar is, toe was dit die saldo wat op daardie datum verskuldig was op dieselfde rekening plus nou verdere rentes en so meer wat bygekom het? ... As 'n mens na die state kyk, is

hierdie state reflekteer my rekening by VKB.

Ja, dit bly maar een en dieselfde ding, maar u sien nou ... of in die dagvaarding is daar een keer produksiemiddele genoem en dan is hy genoem goedere verkoop en gelewer, is dit so, dit is wat jou saak eintlik sal uitkom ... Ja.

Maar ons het maar met dieselfde ding te make, hoe sê hulle 'n roos ruik dieselfde dit maak nie saak wat se naam jy hom noem nie, is dit nie so nie? ... Ja, dit moet seker so wees.

Ja, nou kyk u sal tog seker ook saamstem, u sê nou u is nie 'n ekspert nie, maar u sal tog seker met my saamstem dat produksiemiddele is ook maar goedere. ... Nee, daar stem ek nie 100% saam nie.

Is diesel nie goedere nie? Wat is hulle? Wat is kunsmis? Wat is saad en so meer? ... Produksiemiddele.

Dit is nie ook nie goedere nie? ... Ek sal sê dit is miskien landbougoedere." (*sic*)

- [14] Mnr. De Wet het daarop die verweerder verwys na die erkenning deur verweerder van die bewerings wat deur eiser in sy replikasie uiteengesit is met betrekking tot die gebeure wat die aanvang van verjaring uitgestel of verjaring gestuit het. Daarop het mnr. De Wet verweerder op gedetailleerde wyse deur elk van hierdie insidente geneem en ook verwys na dokumentasie wat in die

bewysstukbundels voorkom wat hierdie bewerings, wat in ieder geval deur verweerder erken word, staaf. Ek is nie voornemens om met die detail van hierdie kruisverhoor te handel nie. Die relevansie daarvan het egter uit hierdie kruisverhoor geblyk, synde dat verweerder aan mnr. De Wet bevestig het dat hy op geen stadium sy verskuldigheid aan eiser betwis het en/of die aard en omvang van daardie verskuldigheid betwis het nie.

- [15] Ten tyde van herondervraging is verweerder weereens verwys na die rekonsiliasie soos dit voorkom op p. 92 van die pleitstukke, met betrekking tot die totale verskuldigde bedrag op 31 Julie 2000, wat daar gereflekteer word as **R104 275.04**, welke bedrag, soos dit op hierdie rekonsiliasie gereflekteer word, rente ingesluit het wat voor daardie datum gedebiteer is. Verder het verweerder ook bevestig dat die totale verskuldigde bedrag wat gereflekteer word ten opsigte van **31 Januarie 2005**, soos dit voorkom op p. 96 van die pleitstukke, en wat aangetoon word as **R206 489.11**, ook reeds rente insluit wat voor daardie datum daarteen gedebiteer is. Teenoor die datum van **31 Januarie 2005** word aangedui dat die totale rentebedrag op

daardie datum **R95 495.09** beloop het.

- [16] Dit het verweerder se getuienis ten opsigte van die spesiale pleit voltooi. Daarop het mnr. De Wet, namens eiser, aangedui dat eiser nie voornemens is om enige getuienis ten opsigte van die beregting van die spesiale pleit aan te bied nie.

REGSBEGINSELS:

- [17] Ooreenkomstig die bepalinge van die Verjaringswet, Wet 68 van 1969, is die tersaaklike verjaringstermyn hierin ter sprake drie jaar. Hoewel die vordering in hierdie geval reeds op 'n vroeër datum opeisbaar en betaalbaar geword het, is die partye dit eens dat hierin terme van Artikel 14 van die Verjaringswet stuiting van verjaring plaasgevind het as gevolg van die feite en omstandighede gepleit in die eiser se replikasie en dat verjaring in hierdie geval dus geag moet word 'n aanvang te geneem het op **25 Oktober 2003**. Artikel 15(1) van die Verjaringswet bepaal as volg met betrekking tot geregtelike stuiting van skuldverjaring:

“Behoudens die bepalings van sub-artikel (2), word die loop van verjaring gestuit deur die betekening aan die skuldenaar van ’n prosesstuk waarin die skuldeiser betaling van die skuld vorder.”

[18] Dit is belangrik om daarop te let, soos tereg deur mnr. De Wet uitgewys, dat die term wat gebruik word die woord “*skuld*” is, wat in die Engelse weergawe van die Verjaringswet as “*debt*” beskryf word.

[19] Die vraag wat dus hier beslis moet word is of die betekening van die enkelvoudige dagvaarding verjaring gestuit het met betrekking tot dit wat gevorder word in die gewysigde deklarasie. Dit blyk dat die antwoord tot hierdie vraag gevind moet gevind word deur te beslis of dit wat in die gewysigde deklarasie gevorder word, bestaanbaar en versoenbaar is met of dieselfde of wesenlik dieselfde is as dit wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is.

[20] Mnr. Gilliland het tereg daarop gewys dat die beginsel soos, onder andere, verwoord in **GRINDROD (PTY) LTD V SEAMAN** 1998(2) SA 347 (C), waar dit met verwysing na die beslissing op 351 E tot F as volg opgesom word, hierin

toepassing vind:

“... where an amendment into a summons introduces a new right of action, the summons will not have interrupted prescription in respect of that right of action.”

Hierdie dictum het gevolg het op 'n onderskeiding tussen “*right of action*” en “*cause of action*” en 'n daaropvolgende keuse van “*right of action*” .

- [21] In navolging van voormelde, was beide mnre. De Wet en Gilliland dit eens dat die werklike toets is of dit wat in die gewysigde deklarasie gevorder word, dieselfde of wesenlik dieselfde “*skuld*” is as wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is. In die verband het mnr. Gilliland op die beslissing in **ASSOCIATED PAINT AND CHEMICAL INDUSTRIES (PTY) LTD t/a ALBESTRA PAINT AND LACQUERS v SMIT** 2000(2) SA 789 (SCA) gesteun waar daar as volg op 794 C beslis is:

“As a general rule a plaintiff is not precluded by prescription from amending his claim, provided the debt which is claimed in the amendment is the same or substantially the same debt as

originally claimed, and provided of course that prescription of the debt originally claimed has been duly interrupted.” (Eie beklemtoning, die relevansie waarvan hieronder aangedui sal word.)

Een van die redes waarom mnr. Gilliland op hierdie beslissing gesteun het, is dat hy klem gelê het op die passasie wat voorkom op 796 E tot F:

“... service of a declaration cannot interrupt prescription in terms of s 15(1) of the 1969 Act for the simple reason that the declaration is not a “process” as described in s 15(6) of the 1969 Act. ... the declaration ... is therefore of no consequence in the absence of a proper amendment of the summons.”

Mnr. Gilliland het hierop gesteun, aangesien in die onderhawige geval ook slegs die deklarasie gewysig is, maar nie die enkelvoudige dagvaarding nie.

Die feite in daardie geval is egter na my mening onderskeibaar van die onderhawige. Met verwysing na die feite in daardie geval, het die hof as volg op 796 B tot C beslis:

“In the present case a summons was served on the defendant whereby the plaintiff claimed payment of the debt. It subsequently transpired that the plaintiff was not the defendant’s creditor. In an affidavit in support of the plaintiff’s application for the amendment his Germiston attorney conceded that the wrong company had been cited as the plaintiff in the summons and that the defendant at no time concluded any contract or had any dealings with the plaintiff. It is common cause therefore that a debtor-creditor relationship between the defendant and the plaintiff never existed. Consequently the summons did not constitute the process whereby *the creditor* claimed payment of debt. The running of prescription in respect of the debt was accordingly not interrupted by service of the summons on the defendant.”

In die onderhawige geval is die partye dit eens dat die enkelvoudige dagvaarding wel die skuld wat *daarin* gevorder word, verjaring gestuit het. Die enigste vraag is dus of die skuld wat in die gewysigde deklarasie gevorder word, dieselfde of substansieel dieselfde skuld is as wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder word.

[22] Die gewysde waarop mnr. De Wet gesteun het ter

ondersteuning van sy argument dat daar na die skuld as sulks gekyk moet word en nie soseer na die skuldoorsaak nie, se feite is na my mening meer in ooreenstemming met die onderhawige feite (mnr. Gilliland het wel ook na hierdie beslissing verwys vir doeleindes van die algemene beginsels daarvan). Dit is die uitspraak in **STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LTD v ONEANATE INVESTMENTS (PTY) LTD (IN LIQUIDATION)** 1998(1) SA 811 (SCA). Die beslissing moet saamgelees word met die gerapporteerde beslissing van die Hof *a quo*, welke deur die Hoogste Hof van Appèl omvergewerp is. Die beslissing in die Hof *a quo* is gerapporteer as **STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LTD v ONEANATE INVESTMENTS (PTY) LTD** 1995(4) SA 510 (CPD). Dit blyk dat in daardie geval 'n enkelvoudige dagvaarding uitgereik is waar onder andere gevorder is “*payment of the sum of R1 011 010.65, being the amount due and payable to plaintiff by defendant in respect of monies lent and advanced to the defendant at its special instance and request ...*”. Nadat verdediging aangeteken is, is daar aanvanklik 'n deklarasie geliasseer waarin gesteun is op 'n mondelinge ooreenkoms gesluit op **5 Februarie 1988** “*in terms whereof plaintiff undertook to*

lend and advance and amount of R1 200 000.00 to defendant as the short term bridging finance loan by way of an overdraft at plaintiff's branch ...". Daarna is kennis van 'n voorgenome wysiging van die deklarasie gegee in terme waarvan twee verdere bedrae geld op **9 Februarie 1988** en **10 Februarie 1988** onderskeidelik na bewering aan verweerder geleen en voorgeskiet is. Met 'n nog verdere wysiging is daar beweer dat nie net die aanvanklike bedrag van **R1 200 000-00** aan die verweerder geleen en voorgeskiet is nie, maar ook drie verdere bedrae op **25 Januarie 1989, 29 Maart 1990** en **26 April 1990**. Die Hof *a quo* het daarop op 556 B tot C van die uitspraak in die Hof *a quo* as volg bevind:

"In the result I find that, upon a proper construction of the summons as qualified by the original declaration delivered on 30 April 1991, plaintiff claimed repayment of the debt arising out of the loan agreement for R1 200 000.00 concluded on 5 February 1988. The further loans which were debited on 25 January 1989, 29 March 1990 and 26 April 1990 are each separate debts repayable on demand. Prescription commenced to run in respect of each of these debts from the date of the respective advance. The running of the prescription was not interrupted in

respect of these debts by the service of any process ...”

Op appèl is laasgenoemde bevinding egter omvergewerp en is daar onder andere as volg op 825 F en verder in die uitspraak op appél beslis:

“A simple summons stands on its own feet. ... There can be now doubt that the simple summons in this instant matter sets out a “cause of action”. This “cause of action” is based upon a claim for the amount due and payable by the defendant to the plaintiff in respect of monies lent and advanced to the defendant by way of overdraft at the former’s special instance and request. This is sufficient particularity to enable the defendant to be aware of what was being claimed from it and is sufficiently clear to have enabled a court to have decided whether to have granted judgment on it.

In any event and as pointed out by Eksteen JA in *Sentrachem Ltd v Prinsloo* 1997(2) SA 1 (A) at 15 H to 16 B, it is not even necessary for the purposes of interrupting prescription that a summons, in terms of which a creditor seeks to obtain payment of a debt, sets out a ‘cause of action’. Even a summons which does not set out a ‘cause of action’ can nevertheless serve to interrupt prescription of the debt claimed. The only qualification is that the summons must not be so defective that it amounts to a nullity.

At the heart of the finding of the Court *a quo* in regard to the question of prescription was the view that it took that the amendment envisaged to the plaintiff's declaration in June 1993 introduced a 'cause of action' or 'causes of action' not set out or at least foreshadowed or embraced, in the simple summons served in November 1990 read with the original declaration.

Coleman J pointed out in *Mazibuko v Singer* 1979(3) SA 258 (W) at 265 D to G that the expression 'cause of action' can be misleading. It is a technical term relating to pleading, and in that sense it carries a connotation which is inapposite when one is looking to see whether or not the running of prescription has been interrupted. His following remarks are also particularly apposite when considering the question of interruption of prescription:

'That the test in relation to an interruption of prescription cannot be based on an identity between the cause of action (in the narrow sense) which was previously relied on by the plaintiff and the cause of action which he now seeks to rely upon, is perhaps best illustrated by the cases in which it was held that the summons may interrupt the running of prescription even if it discloses no cause of action ...

The effect of those cases, as I understand them, was that in deciding whether prescription was interrupted, in relation to a particular claim, by prior process served during the prescriptive period, one looks to see whether in the earlier process the

same *claim* was preferred, not whether the same cause of action (or any cause of action) was made out in the earlier process. As pointed out in one of the cases, it is inaction, not legal ineptitude, which the Prescription Act is designed to penalise.'

... The real question which arises is whether the subsequent pleading is inconsistent with the claimed proffered in the initiating summons. In the instant case I can see no inconsistency between what is averred in the plaintiff's amended declaration of June 1993 and what is averred in its simple summons. The plaintiff's declaration as finally amended indicate that the plaintiff was seeking to enforce the same debt referred to in its simple summons or a debt which is cognisable in the simple summons. The amendment merely clarified or added details which do not appear in the simple summons." (Own emphasis.)

Daar is dan ook op 827 B tot C met goedkeuring verwys na die volgende opmerkings in **EVINS v SHIELD INSURANCE COMPANY LTD** 1980(2) SA 814 (AD) op 836 D tot E:

"Where the plaintiff seeks by way of amendment to augment his claim for damages, he will be precluded from doing so by prescription if a new claim is based upon a new cause of action

and the relevant prescriptive period has run, but not if it was part and parcel of the original cause of action and merely represents a fresh quantification of the original claim or the addition of a further item of damages.”

- [23] Ek meen, hoewel ek nie spesifiek daarna verwys is nie, dat die uitspraak in **WAVECREST SEA ENTERPRISES (PTY) LTD v ELLIOT** 1995(4) SA 596 (SE) ook in oorweging geneem moet word vir doeleindes van die onderhawige uitspraak. In daardie geval het die eiser op **10 April 1992** dagvaarding uitgereik om 'n skuld te vorder wat na bewering ontstaan het uit 'n ooreenkoms gesluit in **1989** tussen die eiser en die verweerder. Die besonderhede van vordering is daarop gewysig tot dien effekte dat die ooreenkoms inderdaad gesluit is tussen die verweerder en 'n derde party, welke derde party daaropvolgend sy regte seeder het aan die eiser. Aanvanklik is die wysiging as sulks teengestaan op die basis dat die verweerder dan ontnem sal word van sy reg om verjaring te pleit. Die Hof het egter die wysiging toegestaan op die basis dat die weiering daarvan die eiser die reg kan ontnem om op die stuiting van verjaring staat te maak. In 'n spesiale pleit wat daarop gevolg het, het die

verweerder beweer dat die eiser se gewysigde besonderhede van vordering 'n nuwe skuldoorsaak daarstel wat verjaar het. Gevolglik moes die Hof slegs beslis of die betekening van die dagvaarding verjaring gestuit het met betrekking tot die gewysigde besonderhede van vordering. Die Hof het as volg op 600 H tot 601 B en 602 C tot D beslis:

“The fact that there are differences between the *facta probanda* necessary to prove the original cause of action and those necessary to prove the amended claim does not invariably lead to the conclusion that the original summons did not interrupt prescription. The question is whether the right that is sought to be enforced and the relief claimed in the amended claim is the same or substantially the same as the right of action and the relief in the original claim. ... In *Imprefred (Pty) Ltd v National Transport Commission* 1990(3) SA 324 (T), Botha J said the following at 329 C to D:

‘It can depend on the circumstances of a particular case whether a cause of action has been sufficiently delineated in the original summons so as to be a bar to a possible plea of prescription when an amendment is sought ...

Where a party has consistently relied on a particular claim but has set it out imperfectly, an attempt to clarify it properly will

not be regarded as the introduction of a new of action.’

... In *Neon & Cold Cathode Illuminations (Pty) Ltd v Ephron* 1978(1) SA 463 (A) Trollip JA pointed out that in deciding whether prescription was interrupted by legal process the action must be one to enforce either the same right which would otherwise be rendered unenforceable by lapse of time or, he emphasised, substantially the same right. He added that the substance rather than the form of the previous action must be considered in determining whether or not it interrupted prescription.

... I have carefully reconsidered this matter in the light of the arguments before me by both counsel. I have difficulty in accepting a submission by the defendant’s counsel that a debt, which is allegedly owing to the plaintiff in terms of the amendment is a different debt from that claimed in the original particulars of claim. The debt that the plaintiff now seeks to enforce arises out of a contract entered into between ISA and the defendant due to the latter’s failure to perform. The debt is allegedly owed to the plaintiff as cessionary from ISA. The fact that in the original particulars of claim it was alleged that the plaintiff was owed the debt because it was a party to the contract does not affect the nature of the debt, which is the same, or substantially the same, as that originally claimed.”

[24] Ten laaste het mnr. De Wet baie sterk gesteun op die

uitspraak in CGU INSURANCE LTD v RUMDEL

CONSTRUCTION (PTY) LTD 2004(2) SA 622 (SCA). In daardie geval het die eiser dagvaarding uitgereik teen die verweerder vir die betaling van sekere bedrae geld vir verlies wat veroorsaak is deur stormskade wat plaasgevind het gedurende **13 Maart tot 15 Maart 1996** en **22 Februarie tot 26 Februarie 1997** onderskeidelik. Daar is beweer dat die bedrae opeisbaar en betaalbaar is in terme van 'n enkele versekeringskontrak, welke kontrak aangeheg is tot die besonderhede van vordering. Daarop is kennis gegee van 'n voorneme om te wysig, in terme van welke wysiging beweer is dat die kontrak waarna reeds verwys is in die aanvanklike besonderhede van vordering, die basis is van die aanspreeklikheid vir die skade opgedoen gedurende **Februarie 1997**, maar dat daar 'n ander verdere kontrak is wat die basis is van die aanspreeklikheid vir die skade opgedoen gedurende **1996**. Hierdie wysiging is toegestaan en is dit waarteen geappelleer is. Die volgende dictum en bevindings verskyn op 627 B en verder:

“The defendant’s argument is that by introducing a new contract, the plaintiff has introduced a new cause of action.

But it does not follow that by curing a defective cause of action by introducing the contract upon which it really relies, the plaintiff's summons necessarily claims a different debt. Indeed, it is settled law that a summons which sets out an excipiable cause of action can interrupt the running of prescription provided that the debt is cognisable in the summons and is identifiable as substantially the same debt as the debt in the subsequent amendment. ... For this reason 'debt' in the context of Section 15(1) must be a 'wide and general meaning'. It does not have the technical meaning given to the phrase 'cause of action' when used in the context of pleadings. ...

I accept that the amendment introduces a new insurance contract as a basis for the claim for the loss which occurred in March 1996. But an objective comparison between the original particulars of claim and the particulars of claim as amended leaves me no doubt that although part of the cause of action is now a different contract, the debt is the same debt in the broad sense of the meaning of that word. ... I can find no grounds for concluding in this case that a change in the contract relied upon means that a different debt was claimed."

TOEPASSING VAN VOORMELDE BEGINSELS OP DIE
ONDERHAWIGE FEITE:

[25] Dit is inderdaad so, soos ook in argument deur mnr. Gilliland geopper, in besonder na aanleiding van 'n opmerking deur myself tot daardie effek, dat “*produksiemiddele*”, synde die term wat gebruik is in die enkelvoudige dagvaarding, 'n nouer of enger begrip is as die term “*goedere*” verkoop en gelewer en “*dienste*” verskaf. Hoewel dit uit voormelde uitspraak op appél in **STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA v ONEANATE INVESTMENTS (IN LIQUIDATION)**, *supra*, op 824 J tot 825 A blyk dat die enkelvoudige dagvaarding nie met die oorspronklike deklarasie gelees kan word om die skuld te identifiseer nie, meen ek dat dit nie beteken dat die totaliteit van die gewysigde deklarasie, in teenstelling met bloot die gedeelte wat gewysig is as sulks, nie saamgelees kan word met die enkelvoudige dagvaarding vir doeleindes van die identifisering van die skuld nie. Indien dit gedoen word, blyk dit uit paragraaf 2 van die gewysigde deklarasie dat 'n kredietverleningsooreenkoms tussen eiser en verweerder gesluit is met sekere terme, soos uiteengesit in aanhangsel “A” tot die gewysigde deklarasie. Verdermeer is dit in paragraaf 2.1 van die gewysigde deklarasie beweer dat die kredietooreenkoms kredietfasiliteite aan die verweerder

toegestaan het ten einde hom in staat te stel om “*aankope van goedere of dienste by of deur bemiddeling van die eiser te maak*”. Daaropvolgend word in paragraaf 3.1 van die gewysigde deklarasie dan beweer dat “*goedere aan verweerder verkoop en gelewer en dienste aan verweerder verskaf*” is. As daardie bewerings dan vergelyk word met die bewerings in die enkelvoudige dagvaarding dat “*produksiemiddele deur eiser aan verweerder verkoop en gelewer (is) op die verweerder se spesiale aandrang en versoek*” meen ek dat dit duidelik blyk dat dit steeds dieselfde of wesenlik dieselfde skuld is waarna eiser in sy deklarasie verwys. Die term “*produksiemiddele*” is bloot ’n foutiewe beskrywing van dit wat deur eiser aan verweerder gelewer is en waarvoor verweerder ’n sekere bedrag geld aan eiser verskuldig is. Daardie gebrekkige of foutiewe beskrywing van dit wat gelewer is, word derhalwe nou bloot reggestel. Dit is soortgelyk aan wat beskryf is in **SENTRACHEM LTD v PRINSLOO** 1997(2) SA 1 (A) op 15 J tot 16 B waar as volg beslis is:

“Die eintlike toets is om te bepaal of die eiser nog steeds dieselfde, of wesenlik dieselfde skuld probeer afdwing. Die

skuld of vorderingsreg moet minstens uit die oorspronklike dagvaarding kenbaar wees, sodat 'n daaropvolgende wysiging eintlik sou neerkom op die opklaring van 'n gebrekkige of onvolkome pleitstuk waarin die vorderingsreg, waarop daar deurgaans gesteun is, uiteengesit word.”

[26] Reeds op die basis van voormelde interpretasie, is ek van mening dat die skuld wat in die gewysigde deklarasie gevorder word, vereenselwigbaar is met die skuld wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is.

[27] Addisioneel tot voormelde, en wat in die onderhawige geval anders is dan in die aangehaalde gesag, is dat die verweerder in die onderhawige geval verkies het om getuienis aan te bied ter ondersteuning van sy pleit van verjaring. Aan die een kant kan ek verstaan dat verweerder hierdie keuse uitgeoefen het, omdat hy duidelik gepoog het om by wyse van sy getuienis aan te toon dat wat sy rekening by die eiser voortspruitend uit die krediet-ooreenkoms betref, daar 'n duidelike onderskeid is tussen produksiemiddele en ander goedere. Sy getuienis het egter, na my oordeel, ook 'n verdere resultaat. Dít is dat dit

duidelik uit sy getuienis blyk, in besonder ook uit die kruisverhoor, dat die skuld wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is, ongeag die feit dat dit foutief beskryf is, nie net wesenlik dieselfde skuld is as wat in die gewysigde deklarasie gevorder word nie, maar daadwerklik dieselfde skuld is. Ek meen dat daar geen beletsel is dat ek die getuienis vir doeleindes van die beregting van die pleit van verjaring in aanmerking kan neem nie, aangesien die blote feit dat verweerder verkies het om getuienis aan te bied, juis aanduidend daarvan is dat hierdie getuienis in aanmerking gebring moet word. Hoewel die regsbeginsels uiteraard ook toegepas moet word by die vraag wat hierin ter sprake is, is en bly die vraagstuk na my mening steeds 'n feitelike vraag wat met inagneming van die getuienis bereg kan word. (Sien **STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LTD v ONEANATE INVESTMENTS (IN LIQUIDATION)**, *supra*, op 824 B tot C.

- [28] Die inagneming van die getuienis deur die verweerder aangebied, versterk na my mening die bevinding waartoe ek in ieder geval reeds met blote inagneming van die tersaaklike pleitstukke as sulks, in paragraaf 26 hierbo

geraak het.

[29] Laastens meen ek dit is volledigheidshalwe nodig om met enkele verdere aspekte wat deur mnr. Gilliland ten tyde van argument geopper is, te handel.

[30] Die eerste hiervan is die vraag na wat die effek daarvan is dat die deklarasie gewysig is, maar nie die enkelvoudige dagvaarding nie. In die onderhawige geval, anders as in die geval van **ASSOCIATED PAINT AND CHEMICAL INDUSTRIES (PTY) LTD v SMIT**, *supra*, waarna ek reeds in paragraaf 21 hierbo verwys het, is dit nie in dispuut dat verjaring van die skuld wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is, by wyse van die betekening van die enkelvoudige dagvaarding ten opsigte van daardie skuld gestuit is nie. Alwaar ek nou reeds bevind het dat die skuld wat in die gewysigde deklarasie gevorder word, in wese dieselfde skuld is as wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is, het die feit dat die enkelvoudige dagvaarding nie gewysig is nie, na my mening geen konsekwensies op die eiser se vordering nie – die enkelvoudige dagvaarding het steeds verjaring van die skuld gestuit.

[31] Dit is van meet af aan, en heeltemal korrek so, deur mnr. Gilliland toegegee dat die vordering ten opsigte van kredietlebensversekeringspremies nie kon verjaar het nie, gegewe dat dit juis pertinent reeds in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is. Gevolglik meen ek dat dit nie nodig is om my verder hieromtrent uit te laat nie. Dit sal weer aandag geniet tydens die verhoor op die meriete van eiser se vordering.

[32] Mnr. Gilliland het aan die hand gedoen het dat ek attent moet wees daarop dat alle ander goedere, uitgesluit produksiemiddele aangesien dit in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is, opeisbaar en betaalbaar geraak het aan die einde van die maand opvolgend in die maand waarin dit op krediet aan die verweerder verkoop en gelewer is en dat dit tot gevolg kan hê dat sekere van daardie vorderings reeds verjaar het. Ek is egter van oordeel dat gegewe die toegewing dat die aanvang van verjaring uitgestel is tot 24 Oktober 2003 en daaropvolgend gegewe my bevinding dat die skuld wat by wyse van die gewysigde deklarasie gevorder word wesenlik dieselfde

skuld is as wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is, hierdie punt nie meer relevant is nie.

[33] Wat betref die wysiging van die datum waarbinne die aankope plaasgevind het soos dit aanvanklik in die enkelvoudige dagvaarding voorgekom het teenoor hoe dit in die gewysigde deklarasie voorkom, het mnr. Gilliland toegegee dat veral in die lig van die getuienis van die verweerder, dit geen rol kan speel in die beregting van die spesiale pleit nie. Mnr. De Wet was dit ook eens en meen ek dat die toegewing deur mnr. Gilliland korrek gemaak is. Ek meen dat dit gevolglik nie nodig is om verder hiermee te handel nie.

[34] Die laaste aspek wat deur mnr. Gilliland geopper is, is die feit dat dit duidelik uit die getuienis blyk dat die bedrag wat deur eiser in beide die enkelvoudige dagvaarding en die gewysigde deklarasie gevorder word, 'n substansiële komponent van rente insluit. Dit is deur mnr. Gilliland betoog dat nêrens in hetsy die enkelvoudige dagvaarding of die gewysigde deklarasie beweer is dat die gevorderde bedrag tot op datum daarvan rente insluit nie en waar dit nie

as sodanig gevorder is nie, moet onteenseglik aanvaar word dat die beweerde skuld ten opsigte van rente (wat opgeloop het tot en met die datum waarop die gevorderde bedrag saamgestel is) verjaar het.

Ek het reeds bevind, ook na inagneming van die getuienis van verweerder, dat die skuld wat in die gewysigde deklarasie gevorder word, dieselfde skuld is as wat in die enkelvoudige dagvaarding gevorder is. Dit het, na my mening, na aanleiding van die getuienis outomaties tot gevolg dat dit die rente-komponent van die skuld insluit, wat tot gevolg het dat ek nie kan bevind dat die rente-komponent daarvan verjaar het nie. Wat egter wel so is, is dat die omskrywing van die vordering soos dit tans in die gewysigde deklarasie lees, nie op ondubbelsinnige wyse 'n rente-komponent insluit nie. Dit moet egter onmiddellik vermeld word dat die gewysigde deklarasie wel 'n verwysing na die kredietverleningsooreenkoms insluit, en 'n kopie daarvan daartoe aangeheg is, welke wel voorsiening maak vir die vordering van die rente-komponent. Hierdie omstandighede het egter na my mening tot gevolg dat ek aan die een kant nie kan bevind dat die rente-komponent

van die skuld verjaar het nie, maar aan die ander kant sal dit steeds die verweerder vrystaan om wanneer getuienis aangebied word met betrekking tot die aard, omvang en samestelling van die gevorderde skuld, beswaar te maak teen die aanbod van getuienis met betrekking tot die rentekomponent daarvan. Dit kan 'n invloed hê op die quantum van die eiser se vordering, afhangende hoe die pleitstukke deur die Hof op daardie stadium geïnterpreteer sou word.

[35] Bygevolg is ek van oordeel dat die spesiale pleit van verjaring nie gehandhaaf kan word nie.

[36] Wat die koste betref, is daar geen rede waarom die koste nie die uitslag van die spesiale pleit moet volg nie.

[37] Gevolglik word die volgende bevel gemaak:

1. Die spesiale pleit ten opsigte van verjaring word van die hand gewys, met koste.
-

C. VAN ZYL, R

Namens die Eiser:

Adv. P.J.T. de Wet
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

Namens die Verweerder:

Adv. J.G. Gilliland
In opdrag van:
Schoeman Maree Ingelyf
BLOEMFONTEIN